**Dinsdag 11 Oktober**

**Skrifgedeelte: Johannes 7:10-19**
**Fokusgedeelte: Johannes 7:16-17**

## Leer deur ervaring

Jesus is tydens die huttefees besig om die mense te leer (vs 14). Hy het ’n groot aanhang gekry. Mense wat eers oor hom gefluister het (vs 12), uit vrees vir die Jode, het nou openlik oor Hom gepraat, en selfs die Jode was beïndruk (vs 15).

Jesus is egter nie op aarde om mense te beïndruk nie, maar om die koninkryk te proklameer. Hy leer die mense sodat hulle hul lewe sal verander soos dit by die Koning en sy koninkryk pas. Wat hy eintlik in vers 17 leer, is dat mense wat doen wat die wil van God is, al hoe meer sal verstaan dat Jesus eintlik die Messias is.

Wie dus doen wat die Here sê, of wat binne die grense van die koninkryk lewe, sal steeds beter verstaan dat Jesus eintlik die Koning is. Wie in die verbond van God lewe en aan die eise van die verbond voldoen, sal steeds nader aan God lewe, en dus ook beter en beter sy wil verstaan. Ons leer dus ook deur ervaring.Slegs dié wat Jesus as die beloofde Messias raaksien, sal ook die gawe kry om te hoor dat wat Hy leer, die wil van die Vader in die hemel is.

As ons dus vandag en môre meer en meer probeer om te doen wat die Here wil, sal God Self, natuurlik deur die Heilige Gees, ons ook nader aan Hom bring. Dit is soos ’n beloofde kringloop: God beloon diegene wat Hom in alles soek.

Wil jy die Here beter leer ken? Begin dus vandag om alles in jou vermoë te doen om sy wil te gehoorsaam. So groei jou geloof en so eer jy jou God en jou Koning!

*Sing: Psalm 45:1, 6, 8*

*Ds. M (Maarten) van Helden (Centurion)*